6. Die Landmeter-Generaal mag die kaart van 'n onderverdeling van grond binne 'n stedelike nedersetting nie goedkeur nie, behalwe op vertoon aan hom van die bewys dat die Dorperaad of die Administrateur, na gelang van die geval, die onderverdeling goedgekeur het, en nadat aan die gestelde voorwaardes in verband daarmee voldaan is, in sover as bedoelde voorwaardes van toepassing is op die datum waarop so'n kaart ingedien word.

Omstandig-  
hede  
waaronder  
stedelike  
nederset-  
tinge goed-  
gekeurde  
dorpe word.

7. (1) In gevalle waar die Administrateur kragtens die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1926, of wysiginge daarvan—

- (a) 'n plaaslike bestuur instel, binne wie se regsgebied 'n stedelike nedersetting ingesluit is; of
- (b) die grense van 'n munisipaliteit wysig om daarin 'n stedelike nedersetting in te sluit;

dan bly, nieteenstaande teenstrydige bepalinge in hierdie Ordonnansie, die bepalinge van alle proklamasies ingevolge subartikel (1) van artikel twee van hierdie Ordonnansie op al sulke stedelike nedersettinge van krag en van toepassing, totdat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* ooreenkomstig subartikel (2) van hierdie artikel so'n stedelike nedersetting tot goedgekeurde dorp verklaar.

(2) (a) Te eniger tyd nadat 'n stedelike nedersetting op die bogenoemde wyse binne die grense van 'n munisipaliteit ingesluit is, kan die Administrateur die instelling van 'n dorp in plaas van so'n stedelike nedersetting vir oorweging aan die Dorperaad voorlê.

(b) Indien na raadpleging van die Dorperaad, die Administrateur dit wenslik ag om so'n stedelike nedersetting tot 'n dorp te verklaar, kan hy op advies van die Raad instruksies gee dat alle maatreëls wat hy nodig of wenslik ag, geneem moet word om aan die strekking en bedoeling van Hoofstuk III van die Hoofwet gevolg te gee.

(c) Wanneer die saak ooreenkomstig die aanwysiginge van die Administrateur soos hierbo omskrywe, afgehandel is, dan kan die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* sulke stedelike nedersettinge tot goed-



4. (1) (a) Wanneer 'n landstreek ingevolge subartikel (1) van artikel *twee* van hierdie Ordonnansie tot 'n stedelike nedersetting ge-proklameer is, en sodanige grond ooreenkomstig goedgekeurde kaarte onderverdeel is, dan moet die Landmeter-Generaal vir offisiële aantekening 'n algemene plan van alle stukke grond binne so'n streek geleë, samestel, en 'n kopie van bogenoemde plan met 'n lys van sulke stukke grond aan die Registrateur van Aktes stuur, met die nodige informasie vir herkenning van die stukke grond met die desbetreffende eiendomsaktes, waaronder die gronde besit word. 'n Onderskeidingsnommer moet aan elke stuk grond voorkomende op die lys, toegewys word, en hierdie nommer sowel as die naam van die stedelike nedersetting moet in alle later transportaktes of toekeninge van genoemde stukke grond en op elke kaart van 'n onderverdeling daarvan, herhaal word.

Algemene  
plan van  
stedelike  
nederset-  
ting.

Ord. No.  
12 van  
1934.

(b) Waar so'n streek egter nie onderverdeel is nie, soos hierbo omskrywe, dan moet die Landmeter-Generaal 'n kopie van die kaart of plan, genoem in subartikel (1) van artikel *twee* van hierdie Ordonnansie na die Registrateur van Aktes stuur.

(2) Wanneer 'n stedelike nedersetting in oppervlakte verminder of gekanselleer is ooreenkomstig subartikel (3) van artikel *twee* van hierdie Ordonnansie, dan moet die Landmeter-Generaal die nodige veranderinge in die algemene plan deur hom ontwerp, aanbring, of bedoelde algemene plan kanselleer, na geïang van die geval, en moet hy die Registrateur van Aktes sodanige inligting verstrek, wat laasgenoemde amptenaar in staat sal stel om al sulke veranderinge in sy registers aan te bring, wat ten gevolge van genoemde vermindering in oppervlakte of kansellering nodig blyk.

5. (1) 'n Eienaar wat voorstel om 'n stuk grond binne 'n stedelike nedersetting te verdeel moet daarvoor aan die Dorperaad vergunning vra.

Onderver-  
deling van  
grond in  
stedelike  
neder-  
setting.

(2) Die Dorperaad kan die versoek toestaan of weier, en indien die versoek toegestaan word, kan die Raad na goedvinde die nodige voorwaardes stel.

(3) 'n Applikant wat hom deur 'n weiering van die Dorperaad kragtens hierdie artikel benadeel ag, kan binne 'n tydperk van dertig

Ord. No.  
12 van  
1934.

—  
Artikel 3.

gelê, verdeel, opgemeet, verkoop, getransporeer, bewoon of verhuur word met die doel van bewoning, of vir besigheid, nywerheid, oprigting van geboue, bedryf, of soortgelyke doeleindes, of dat die grond daarvoor bedoel of geskik gemaak word, en volgens sy mening na alle waarskynlikheid bestem is vir stedelike nedersetting, dan moet hy by weeklikse kennisgewing gedurende drie agtereenvolgende weke in die *Offisiële Koerant* en in 'n nuusblad wat in die distrik waarin bedoelde gronde geleë is, sirkuleer, sy voorneme bekendmaak om die saak vir ondersoek en verslag na die Dorperaad te verwys, met die oog op die proklamering van genoemde grond tot 'n stedelike nedersetting.

(2) Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne dertig dae na die eerste publikasie van genoemde kennisgewing in die *Offisiële Koerant* by die Administrateur skriftelik teen sy voorneme te protesteer.

(3) Na afloop van genoemde dertig dae moet die Administrateur die saak, saam met alle besware wat teen sy voorstel ingedien is vir verslag en aanbevelinge aan die Dorperaad onderwerp.

(4) Wanneer die Administrateur die saak op bogenoemde wyse aan die Dorperaad onderwerp, moet die Raad binne dertig dae na ontvangs van die mededeling van die Administrateur deur een of meer van sy lede die grond laat inspekteer.

(5) Die datum van so'n inspeksie moet tydig deur die Dorperaad aan elke opponent meegedeel word, en laasgenoemde is geregtig om op of voor genoemde datum al sulke vertoë wat hy verlang te maak, aan die Raad te rig.

(6) So spoedig moontlik na afloop van so'n inspeksie moet die Dorperaad die saak tegelyk met die besware en vertoë van alle opponente oorweeg, en daaromtrent sy verslag en aanbevelinge by die Administrateur indien.

(7) Indien die Raad aanbeveel dat die Administrateur die genoemde grond ooreenkomstig subartikel (1) van artikel twee van hierdie Ordonnansie tot 'n stedelike nedersetting moet verklaar, dan moet die Raad ook die voorwaardes aanbeveel waaronder die voorgestelde stedelike nedersetting aangelê, bewoon, beheer en bestuur moet word.

(8) Die Administrateur kan na goedvinde wysiginge in die voorwaardes, deur die Dorperaad aanbeveel, maak.

2. (1) Onderworpe aan die bepalinge van subartikels (2) en (3) van hierdie artikel en van artikel *drie* van hierdie Ordonnansie en op aanbeveling van die Dorperaad kan die Administrateur om 'n harmoniese en ordelike ontwikkeling van 'n landstreek buite 'n munisipaliteit geleë, te verseker en te handhaaf, so'n landstreek by proklamasie in die *Offisiële Koerant* tot 'n stedelike nedersetting verklaar. Hy moet so'n stedelike nedersetting 'n naam gee, en in 'n skedule tot bedoelde proklamasie die voorwaardes uiteensit waaronder die stedelike nedersetting aangelê, bewoon, bestuur en beheer moet word. Vir die doel van so'n proklamasie kan die Administrateur van die eienaar 'n kaart of plan van so'n landstreek in triplo eis, volgens voorskrif deur die Landmeter-Generaal goedgekeur, en wanneer dit vereis word, moet die eienaar binne 'n tydperk deur die Administrateur vasgestel, op sy eie koste so'n kaart of plan verskaf.

Stedelike  
nederset-  
ting.

Ord. No.  
12 van  
1934.

(2) Geen grond, geleë binne 'n dorp of binne 'n landstreek, ingedeel in landbouhoewes kragtens die „Landbouhoeven (Transvaal) Registratie-Wet”, No. 22 van 1919, of wysiginge daarvan, mag in 'n stedelike nedersetting ingesluit word nie.

(3) Geen geproklameerde grond of grond kragtens enige soort van mynbrief besit, mag in 'n stedelike nedersetting ingesluit word nie sonder toestemming van die Minister van Mynwese.

(4) Op aanbeveling van die Dorperaad kan die Administrateur by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* die oppervlakte van die grond op deur hom gestelde voorwaardes verminder of 'n stedelike nedersetting as sodanig kanselleer.

(5) 'n Eienaar wat versuim of weier om 'n kaart of plan, volgens voorskrif deur die Landmeter-Generaal goedgekeur, te verskaf, wanneer die Administrateur hom ingevolge subartikel (1) van hierdie artikel daarom vra, is skuldig aan 'n oortreding en by veroordeling onderhewig aan 'n boete van hoogstens £50 (vyftig pond), of by wanbetaling tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 6 maande, tensy genoemde boete spoediger betaal word.

3. (1) Indien na aanleiding van vertoë aan die Administrateur te eniger tyd blyk dat 'n stuk grond, geleë buite 'n munisipaliteit, aan-

Prosedure.

**Ord. No.  
11 van  
1934.**

met gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

**Artikel 13.**

**Hoe oor boetes beskik moet word.** **14.** Alle boetes ingevorder vir oortredings van hierdie Ordonnansie of enige borggeld wat verbeurd verklaar is deurdat iemand beskuldig van sodanige oortreding in gebreke gebly het om te verskyn ten einde hom op so 'n beskuldiging te verantwoord, moet in die Provinsiale Inkomstefonds gestort word as die oortreding buite 'n munisipaliteit begaan is.

**Toepassing op Kroon** **15.** Hierdie Ordonnansie is ook van toepassing op die Kroon.

**Kort titel.** **16.** Hierdie Ordonnansie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Padverkeer-Ordonnansie, 1934, en tree in werking op 'n datum wat deur die Administrateur by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* vasgestel word.

**Ord. No.  
12 van  
1934.**

## 'N ORDONNANSIE

**Tot wysiging van die Dorpe- en Dorpsaanleg Ordonnansie, 1931.**

*(Goedgekeur 13 Desember 1934.)*

*(Datum van inwerktrading, 9 Januarie 1935.)*

*(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)*

**DIT** WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAL**:—

**Amendement van artikel 1 van hoofwet.**

**1.** Artikel *een* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-ordonnansie, 1931 (hierna die hoofwet genoem) word hierby aangevul deur toevoeging van die volgende nuwe definisie:—

„, Stedelike nedersetting ' beteken 'n landstreek buite 'n munisipaliteit geleë, wat aangelê, verdeel, opgemeet, verkoop, getranspoteer, verhuur of beset word vir bewoning, besigheid, nywerheid, oprigting van geboue, bedryf, of soortgelyke doeleindes, of wat daarvoor bedoel of geskik gemaak is, op so'n wyse dat die grond bestem word vir 'n stedelike nedersetting, met dien verstande dat die Administrateur by proklamasie in die *Offisiële Koerant* so'n streek kragtens artikel *twee* (1) van die Dorpe- en Dorpsaanleg Amendement-Ordonnansie 'n nedersetting verklaar het.”

gedeelte sodanig en in so 'n mate uit orde raak dat dit onmoontlik is om te voorkom om stil te hou en om sodanige voertuig tydelik in so 'n posisie te laat;

- (2) 'n voertuig op 'n publieke pad vertoon met die doel om dit te verkoop of te verruil nie. As 'n voertuig op 'n publieke pad staan met 'n teken of kennisgewing daarop dat dit te koop of te ruil is, word die vertoon van sodanige voertuig in stryd met die bepalings van hierdie artikel beskou.

Ord. No.  
11 van  
1934.

—  
Artikel 11.

**12.** Die Administrateur kan van tyd tot tyd <sup>Regulasies en verordeninge.</sup> regulasies maak vir streke buite munisipaliteite, en 'n plaaslike bestuur kan van tyd tot tyd verordeninge vir die munisipaliteit maak vir die reëling, veiligheid en kontrole van alle soorte verkeer (met inbegrip van voetgangerverkeer) op publieke paaie en ook vir die beperking van die gebruik van sodanige paaie of gedeeltes daarvan tot bepaalde voertuie, oor die algemeen, of gedurende vasgestelde tye of seisoene, en reël dat die gebruik van enige bepaalde publieke pad beperk word tot verkeer in een bepaalde rigting (verkeer in een rigting), en oor die algemeen om die oogmerke van hierdie Ordonnansie behoorlik te verwezenlik, mits sodanige regulasies en verordeninge nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Ordonnansie of van die Motorvoertuie Ordonnansie, 1931, of 'n wysiging daarvan is nie. In sodanige regulasies of verordeninge kan boetes of ander strawwe vir enige oortreding daarvan voorgeskryf word, dog geen boete mag meer as vyftig pond wees nie.

**13.** (1) Iemand wat iets in stryd met die bepalings van hierdie Ordonnansie doen of <sup>Oortredings en strafbepalings.</sup> versuim of laat doen of versuim, of so 'n daad of versuim wetens veroorloof of toelaat, of versuim om te voldoen aan die vereistes wat hierdie Ordonnansie aan hom stel, word geag hierdie Ordonnansie te oortree en as so 'n daad of versuim op meer as een dag plaasvind, word hy geag 'n afsonderlike oortreding van hierdie Ordonnansie te begaan op elke dag waarop so 'n handeling of versuim plaasgevind het.

(2) Iemand wat hierdie Ordonnansie oortree, is strafbaar vir iedere sodanige oortreding met 'n boete van hoogstens vyftig pond of by gebreke van betaling van so 'n boete

Ord. No.  
11 van  
1934.

—  
Artikel 6.

'n voertuig regs draai nie binne 'n munisipaliteit of as ander verkeer sigbaar is, tensy hy die gepaste sein voorgeskryf in hierdie artikel vooraf gegee het.

Beperkings  
met  
betrekking  
tot  
agteruitry.

7. Geen drywer mag met sy voertuig agteruitry nie, tensy hy ditself met veiligheid kan doen.

Indraai  
uit 'n  
ander pad  
in 'n  
publieke  
pad.

8. Geen drywer van 'n voertuig mag uit enige ander pad in 'n publieke pad indraai nie, tensy hy hom oortuig het dat hy dit met veiligheid kan doen.

Veroygaan  
by diere.

9. Wanneer 'n drywer van 'n motorvoertuig 'n dier of diere teekom of inhaal en verbygaan, wat op die pad aangeja word, uitgecome 'n dier wat gery of met leisels of teuels gestuur word, moet hy stadig ry totdat hy by sodanige dier of diere verby is, en as die persoon wat klaarblyklik toesig hou oor sodanige dier of diere hom versoek om stil te hou, moet hy dit doen totdat daar plek gemaak is vir die motorvoertuig om verby te kom, of totdat die dier of diere by die motorvoertuig verby is; met dien verstande dat as die drywer op versoek van sodanige persoon stilhou en laasgenoemde 'n onredelike lang tyd neem om vir die motorvoertuig plek te maak om verby te kom of om die dier of diere by die voertuig verby te jaag, na gelang van die geval, die drywer dan met die motorvoertuig weer kan voortry en so versigtig moontlik by sodanige dier of diere verbygaan.

Ry oor  
veiligheids-  
terrein  
verbode.

10. Die drywer van 'n motorvoertuig mag nie deur of oor 'n veiligheidsterrein afgesonder as 'n toevlug vir trempassasiers ry nie as dit deur iemand gebruik word.

Parkeer op  
publieke  
paale  
buite  
munisipali-  
teite.

11. Niemand mag buite 'n munisipaliteit—

(1) 'n voertuig, hetsy onder toesig of sonder toesig op die gedeelte van 'n publieke pad wat bestraat of gemaak is, of waarop die meeste verkeer plaasvind (verder in hierdie subartikel die gemaakte gedeelte genoem) parkeer of laat staan nie, wanneer dit doenlik is om sodanige voertuig op so 'n manier te parkeer of te laat staan, dat dit die verkeer nie belemmer of 'n moontlike gevaar uitmaak nie.

Die bepalings van hierdie subartikel is nie van toepassing nie op die drywer van 'n voertuig wat op die gemaakte

6. (1) Elke drywer van 'n motorvoertuig wat voorrens is of op die punt staan om sy voertuig tot stilstand te bring of die snelheid daarvan te verminder of om met sy voertuig regs te draai binne 'n munisipaliteit of as ander verkeer sigbaar is, moet, alvorens hy dit doen 'n duidelike sein gee sigbaar aan verkeer wat van voor, van die regterkant of van agter aankom, op die volgende wyse:—

Drywer-  
seine  
alvorens  
stillehou  
of gedraai  
word en  
meganiese  
seine.

Ord. No.  
11 van  
1934.

As hy op die punt staan om sy voertuig tot stilstand te bring of die snelheid te verminder, deur sy regtervoorarm regop te buig met die boonste gedeelte van die arm reg-sywaarts van die lyf en horisontaal uitgestrek. As hy op die punt staan om regs te draai, deur sy gehele regterarm horisontaal tot die pad regs uit te steek. Sulke seine moet op 'n redelike tyd gegee word voordat hy sy voertuig tot stilstand bring of die snelheid begin te verminder of na regs draai soos die geval mag wees; met dien verstande dat in geval van nood of om 'n ongeval te voorkom die versuim om sodanige seine te gee geen oortreding van hierdie Ordonnansie sal uitmaak nie.

(2) (a) As 'n motorvoertuig uitgerus is met 'n toestel wat aan die agterkant van die voertuig deur middel van 'n rooi lig of op 'n ander manier 'n sein outomaties gee van die voorneme van die drywer om sy voertuig tot stilstand te bring of die snelheid te verminder, kan so 'n drywer, in plaas van die sein omskryf in die voorafgaande subartikel te gee, sy voorneme om sy voertuig tot stilstand te bring of die snelheid te verminder, deur middel van genoemde toestel te kenne gee.

(b) As die voertuig benewens die toestel omskryf in die voorafgaande paragraaf van hierdie subartikel, uitgerus is met 'n doelmatige meganiese seintoestel in deeglik werkende orde, waarmee die sein om regs te draai soos omskryf in die onmiddellik voorafgaande subartikel gegee kan word, of 'n sein wat byna daarmee ooreenkom (en ook 'n sein kan gee wat duidelik aan 'n verkeersinspekteur in die uitoefening van sy diens die voorneme van die drywer aandui om die voertuig links te draai), dan kan so 'n drywer, in plaas van genoemde sein, sy voorneme om regs te draai deur middel van genoemde toestel te kenne gee.

(3) 'n Drywer van 'n motorvoertuig mag so 'n voertuig nie tot stilstand bring of die snelheid daarvan skielik verminder of met so

Ord. No.  
11 van  
1934.

—  
Artikel 4.

spoorlyn en dat daar vir hom voldoende tyd is om veilig oor te ry.

(5) Die drywer van 'n voertuig mag nie op 'n korter afstand van 'n ander voertuig volg nie as wat redelik en verstandig is, met behoorlike inagneming van die spoed van sodanige ander voertuig en die verkeer op en aard van die straatweg.

(6) Geen drywer van 'n motorvoertuig mag 'n ander voertuig wat in dieselfde rigting ry, inhaal of probeer verbygaan nie—

(a) by 'n kruisingsterrein of binne 'n afstand van 30 voet deuskant 'n kruisingsterrein, as die ander voertuig vinniger as ses myl per uur ry;

(b) op of binne 30 voet deuskant enige plek waar die publieke pad, waarop die voertuig ry, van rigting verander met 'n hoek van 90 of meer grade.

(7) Wanneer die drywer van 'n motorvoertuig 'n ander motorvoertuig verbygaan, wat op 'n straatweg met verkeer in albei rigtings in dieselfde rigting ry moet hy sodanige versigtigheid en waaksaamheid uitoefen ten einde homself tyd en kans te gee om vir voetgangers uit te wyk wat in albei rigtings van dié gedeelte van die pad oorsteek.

Draai by  
kruisings-  
terreine.

5. (1) Behalwe soos in subartikel (2) van hierdie artikel bepaal, moet die drywer van 'n voertuig wat voornemens is om by 'n kruisingsterrein links te draai, sodanige kruisingsterrein aan die linkerkant van die pad nader, en wanneer hy draai moet hy so na moontlik aan die linkerrandsteen of rand van die pad hou, en wanneer hy voornemens is om regs te draai, moet hy, as hy die kruisingsterrein nader, na aan die middellyn van die pad hou en as hy draai moet hy eers die middel van die kruisingsterrein verbygaan so na moontlik aan die linkerkant daarvan, voordat hy met sodanige voertuig regs uitdraai.

Vir die doeleindes van hierdie artikel beteken die middel van die kruisingsterrein, die punt waar die middellyne van die publieke paaie mekaar kruis.

(2) Die Administrateur of enige plaaslike bestuur mag binne sy regsgebied deur middel van duidelike wit lyne, kolle of tekens of ander rigtingwysers by 'n kruisingsterrein of langs 'n pad die rigting aandui wat deur voertuie gevolg moet word. 'n Drywer van 'n voertuig wat nie op die aangeduide wyse ry nie is skuldig aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie.



3. Drywers van voertuie wat in teenoorge-  
 stelde rigtings ry moet in die verbygaan van-  
 mekaar links hou, elkeen moet aan sy  
 linkerkant hou en soveel moontlik minstens  
 die helfte van die vernaamste rybare gedeelte  
 van die straatweg vir mekaar vrylaat.

Voertuie  
 wat  
 bymekaar  
 verby ry.

Ord. No.  
 11 van  
 1934.

4. (1) Die drywer van 'n voertuig wat 'n  
 ander voertuig inhaal wat in dieselfde rigting  
 op 'n publieke pad ry, moet op 'n veilige af-  
 stand regs daarvan verbygaan, en moet nie  
 weer links hou nie voordat hy die ingehaalde  
 voertuig op 'n veilige afstand verby is.

Inhaal en  
 verbygaan.

(2) Wanneer 'n drywer van 'n motorvoer-  
 tuig 'n ander voertuig op 'n publieke pad in-  
 haal, moet hy deur middel van die waarsku-  
 wingstoestel 'n sein gee van sy voorneme om  
 die ingehaalde voertuig verby te gaan en dan  
 is die drywer van sodanige ander voertuig  
 verplig om nie sonder 'n behoorlike waar-  
 skuwingsein regs te swink nie, maar om die  
 inhalende voertuig genoeg ruimte te gee om  
 verby te ry. Nadat die voornoemde sein  
 gegee is, mag die drywer van die voertuig wat  
 ingehaal is, nie vinniger ry nie alvorens die  
 voertuig wat hom inhaal 'n redelike kans ge-  
 had het om hom heeltemal verby te ry.

Vir die doel van hierdie subartikel beteken  
 die uitdrukking „waarskuwingstoestel” 'n  
 toeter, horing of ander waarskuwingssinjal  
 aangeheg aan 'n motorvoertuig.

(3) Die drywer van 'n voertuig mag met so  
 'n voertuig nie regs van die middellyn van 'n  
 straatweg ry nie wanneer hy 'n ander voer-  
 tuig, wat in dieselfde rigting ry, inhaal en  
 verbygaan, tensy hy 'n onbelemmerde uitsig  
 op die pad het en mits dit vir 'n afstand van  
 minstens driehonderd voet vry genoeg is van  
 aankomende verkeer sodat hy die ander voer-  
 tuig kan inhaal en heeltemal verbygaan,  
 sonder om die veiligheid van 'n voetganger in  
 gevaar te bring of om 'n voertuig wat van die  
 teenoorgestelde rigting kom of die ingehaalde  
 voertuig in gevaar te stel; en die drywer van 'n  
 voertuig mag onder geen omstandighede regs  
 van die middellyn van 'n straatweg ry nie  
 wanneer hy die kruin van 'n helling nader,  
 of op 'n draai waar hy nie 'n onbelemmerde  
 uitsig van minstens 500 voet op die pad het  
 nie.

(4) Die drywer van 'n voertuig mag nie oor  
 'n spoorweg-oorweg ry nie, tensy hy hom  
 oortuig het dat daar geen trein, lokomotief  
 of 'n ander voertuig aankom nie langs die

Ord. No.  
11 van  
1934.

Artikel 1.

- word, of op dié tydstip redelik bruikbaar is vir voertuig-verkeer oor die algemeen;
- „ veiligheidsterrein ’’, die terrein of ruimte op ’n publieke pad uitgehou deur die Administrateur of deur ’n plaaslike bestuur vir gebruik van voetgangers of as ’n toevlug vir trempassasiers en duidelik afgemerk of aangedui deur behoorlike tekens wat te allen tyde deeglik sigbaar moet wees, solank die veiligheidsterrein as sulks uitgehou word;
- „ verkeersbeampte ’’, ’n lid van die polisiediensmag en/of enigeen aan wie die werksaamhede in verband met die reëling of kontrolering van verkeer deur die Administrateur of deur ’n plaaslike bestuur opgedra is;
- „ voertuig ’’, ’n toestel wat op wiele loop en deur meganiese en sy eie krag voortbeweeg word of wat deur een of meer diere getrek word, en sluit in ’n fiets, ’n driewieler, riksja, stootkarretjie of sodanige ander toestel wat deur menslike krag voortbeweeg of getrek word of enige dier of dit gery, gelei of gedryf word.

Algemene  
Reël:  
hou links.

2. (1) Behoudens die beperkings uiteengesit in artikel vier en ook die uitsonderinge vermeld in subartikel (2) van hierdie artikel, en behalwe soos bepaal in artikel neëntig van die Pad-ordonnansie, 1933, of wysigings daarvan, moet die drywer van ’n voertuig op ’n publieke pad van voldoende breedte sodanige voertuig op die linkerkant van die straatweg hou; stadig voortbewegende voertuie moet so na moontlik aan die linkerkant of randsteen van sodanige pad hou.

(2) Die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel is nie van toepassing nie op—

- (a) strate met verkeer in een rigting;
- (b) ’n publieke pad, as die linkerkant van die straatweg daarvan nie in orde is en derhalwe onveilig of nie bruikbaar is nie;
- (c) die drywer van ’n voertuig wanneer hy ’n ander voertuig inhaal of verbygaan of wanneer hy sy voertuig in ’n posisie bring om na regs te draai;
- (d) publieke paaie in streke buite munisipaliteite met ’n onbelemmerde uitsig as daarop geen verkeer van voor of van agter is nie.

- „ kruisingsterrein ’’, die terrein wat begrens word deur die verlenging of verbinding van die grenslyne aan weerskante van twee of meer publieke paaie wat mekaar kruis;
- „ plaaslike bestuur ’’, ’n stadsraad, dorpsraad of ’n gesondheidskomitee, ingestel kragtens die ’’ Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926 ’’ of wysiginge daarvan;
- „ motorvoertuig ’’, ’n voertuig wat deur meganiese krag voortbeweeg en op publieke paaie gebruik word, maar nie ook ’n stoom-, elektriese of motorroller of brandspuit of enige ander voertuig in verband waarmee die Administrateur van tyd tot tyd by Proklamasie in die *Offisiële Koerant* verklaar dat dit vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, nie ’n motorvoertuig is nie;
- „ munisipaliteit ’’, die gebied of distrik wat onder die regsbevoegdheid van ’n plaaslike bestuur gestel is;
- „ voetganger ’’, iemand wat te voet loop;
- „ publieke pad ’’—
- (a) ’n pad as sodanig daargestel, geproklameer of erken kragtens die bepalings van ’n wet en sluit in brúe waaroor sodanige pad loop; en
- (b) ’n pad of deurgang, hoe ook daargestel, wat voor of na die aanvang van hierdie Ordonnansie ongestoord deur die publiek gebruik is, of waarop die publiek reg van gebruik gehad het gedurende ’n tydperk van minstens drie jaar, en sluit in brúe waaroor sodanige pad loop; en
- (c) ’n straat of deurgang en enige ander publieke plek oop vir gebruik van die publiek vir verkeer; met dien verstande dat, in geval van ’n vervolging kragtens hierdie Ordonnansie, die pad waarop die oortreding na bewering begaan is, veronderstel word om ’n publieke pad te wees, tensy en totdat die teengestelde bewys is;
- „ straatweg ’’, daardie gedeelte van ’n publieke pad tussen die gewone vasgestelde randlyne of daardie gedeelte van ’n publieke pad wat gemaak en vir voertuig-verkeer bestem is of gebruik

Ord. No.  
11 van  
1911.

—  
Artikel 1.

Ord. No.  
10 van  
1934.

Artikel 11.

gestel is vir die insameling en vergelyking van gegewens omtrent die geleenthede vir, en voordele van, die Unie van Suid-Afrika of 'n deel daarvan, hetsy kommersieel, geskiedkundig, natuurskoon, ontspanning, genesing of klimaat en vir die verspreiding van bedoelde gegewens buite genoemde Unie."

Kort titel. **12.** Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die „Plaaslike Bestuur Wysigingsordonnansie”, 1934.

Ord. No.  
11 van  
1934.

## 'N ORDONNANSIE

Om verder voorsiening te maak vir die Reëling van Verkeer in sekere opsigte en om sekere Verkeersreëls voor te skryf.

(Goedgekeur 2 Augustus 1934.)

(Datum van inwerkingtreding, 29 Augustus 1934.)\*

(Engelse kopie deur Goewerneur-Generaal geteken.)

**D**IT WORD deur die Provinsiale Raad van Transvaal as volg **BEPAAAL**:—

**Woord-bepalings.** **1.** Tensy in hierdie Ordonnansie klaarblyklik 'n ander uitleg aan die woord gegee word, beteken—

„Administrateur”, die amptenaar benoem kragtens subartikel (1) van artikel *agten-estig* van die „Zuid-Afrika Wet” 1909, en wysiging daarvan, handelende op gesag van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie;

„verordeninge”, verordeninge gemaak deur 'n plaaslike bestuur vir die munisipaliteit kragtens en ooreenkomstig die bepalings van Deel II van Hoofstuk VII van die „Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926” of wysiging daarvan;

„drywer”, enigeen wat self 'n voertuig bestuur;

\* Proklamasie No. 88, *Provinsiale Koerant* gedateer 10 Oktober 1934, bladsy 19. (Sien die *Kroon vs. Shafer*, 1923 T.P.A.—188.)

verkiesing van raadslede, tensy sy pos vroeër vakant raak; en by 'n verkiesing van die voorsitter van die raad, het die voorsitter van die vergadering, as hy 'n raadslid is, alleen 'n gewone stem; met dien verstande dat as die setel van die aftredende voorsitter ontruim is uit hoofde van verloop van sy dienstyd as raadslid, hy nietemin die voorsitterstoel op die vergadering moet inneem totdat die voorsitter en visevoorsitter van die raad gekies is; maar by die kworum wat op so 'n vergadering aanwesig moet wees, moet die aftredende voorsitter nie inbegrepe wees nie en mag hy ook nie 'n stem uitbring nie.

(2) Ingeval die voorsittersamp vakant raak anders as deur verloop van die dienstyd waarvoor die voorsitter as raadslid gekies was, moet 'n opvolger op die een na die eerste raadsvergadering, wat na ontstaan van die vakature plaasvind, deur die raadslede onder hulle geledere gekies word, en sodanige opvolger moet sy amp onverwyld aanvaar en as voorsitter van die raad fungeer vir die res van die tydperk waarvoor die aftredende voorsitter gekies was; met dien verstande dat as 'n voorsitter van die raad om die een of ander rede nie op 'n vergadering gekies word nie soos in hierdie artikel voorgeskryf, hy gekies kan word op die eerste gewone raadsvergadering wat daarna gehou word of op 'n spesiale vergadering vir die doel belê."

Ord. No.  
10 van  
1934.

—  
Artikel 9.

10. Subartikel (1) van artikel *honderd ses-en-veertig* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde voorbehoudsbepaling aan die einde daarvan toe te voeg:—

Wysiging  
van  
artikel 146  
(1) van die  
hoofwet.

„ met dien verstande dat iemand wat geen vreemde is nie tot lid van 'n gesondheidskomitee, saamgestel soos voormeld, benoem of gekies kan word."

11. Subartikel (11) van artikel *honderd ses-en-vyftig* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde nuwe paragraaf daaraan toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem word dan paragraaf (a) daarvan:—

Wysiging  
van  
artikel 156  
(11) van die  
hoofwet.

„ (b) bydra tot 'n organisasie (deur die Administrateur goedgekeur) wat in-

Ord. No.  
10 van  
1934.

Artikel 7.

bepierking van die gebruik deur eienaars, bewoners of landbouers van sodanige tuine van vars dierlike mis met dien verstande dat ongeag andersluidende bepalings in artikel *nege-en-tagtig* die raad geen lisensiegeld vir so 'n lisensie kan bereken nie;

„ (123) vir die beheer van gebiede wat kragtens subartikel (23) van artikel *nege-en-sewentig* vir Kleurlinge uitgelê is en vir die okkupasie van woon- en besigheidsterreine daarin en vir die vasstelling van koste betaalbaar ten opsigte van sodanige okkupasie en oor die algemeen vir die deeglike beheer en leiding van sodanige gebiede.”

Wysiging  
van  
artikel 116  
van die  
hoofwet.

8. Artikel *honderd-en-sestien* van die hoofwet word hierby gewysig deur ondervermelde nuwe subartikels daaraan toe te voeg:—

„ (3) Die bepalings van paragraaf (b) van artikel *sewe* is *mutatis mutandis* van toepassing op elke dorpsraad ingestel kragtens hierdie Ordonnansie.

(4) Telkens wanneer die Administrateur, kragtens die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1927, of enige wysiging daarop, die aantal raadslede van enige dorpsraad vermeerder of verminder, mag hy, in oorleg met die betrokke dorpsraad, gelas dat alle sodanige stappe geneem word as wat hy nodig of gewens mag ag in verband met die aftreding of ampsduur van raadslede sodat die strekking en doel van die bedoelde Ordonnansie van toepassing sal wees.”

Vervanging  
van  
artikel 136  
van die  
hoofwet  
deur nuwe  
artikel.

9. Artikel *honderd ses-en-dertig* van die hoofwet word hierby herroep en deur ondervermelde nuwe subartikel vervang:—

„ 136. (1) Op die eerste raadsvergadering gehou na elke jaarlikse verkiesing van raadslede, of op die eerste raadsvergadering van 'n pasingestelde munisipaliteit en daarna op die eerste raadsvergadering daarvan na iedere jaarlikse verkiesing van raadslede, moet die aanwesige raadslede een raadslid as voorsitter kies, wat sy amp onverwyld moet aanvaar en in funksie bly totdat sy opvolger benoem word na die eersvolgende jaarlikse

- (f) om die okkupasie van 'n nuwe of verboude gebou te belet totdat 'n sertifikaat van doelmatigheid daarvan vir bewoning deur die geneeskundige gesondheidsamptenaar uitgereik en geteken is."
- (5) Deur in subartikel (73) die woord „sestien” te skrap en dit deur die woord „vyftien” te vervang.
- (6) Deur aan die einde van subartikel (75) onderstaande nuwe paragraaf toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem, word dan paragraaf (a):—
- „(b) om die parkeer van ander voertuie as motorvoertuie op 'n publieke plek of op 'n gedeelte daarvan te belet, te beperk, te reël en te kontroleer; en om aan so'n verbod, beperking, reëling of beheer uitvoering te gee deur die uitvaardiging van orders deur middel van kennisgewings en sinjale opgerig of geplaas in of op so'n pad of gedeelte daarvan. Sodanige orders moet by wyse van besluit van die plaaslike bestuur aangeneem word, maar behoef nie op 'n ander manier gepubliseer te word nie as deur middel van genoemde kennisgewings en sinjale.”
- (7) Deur in paragraaf (a) van subartikel (89), soos gewysig by subartikel (7) van artikel ses van Ordonnansie No. 4 van 1928, die woorde „blanke vroue” te skrap en hulle deur die woord „enig-een” te vervang.
- (8) Deur onderstaande nuwe subartikel na subartikel (112) in te voeg:—
- „(113) om die aanhou van 'n wilde dier, wat van natuur die neiging het om die mens aan te val of die aanhou waarvan moontlikerwyse tot oorlas of nadeel vir die gesondheid kan word of gepaard kan gaan met gevaar vir die inwoners van die omgewing, te verbied, te beperk en te reël.”
- (9) Deur ondervermelde nuwe subartikels aan die einde toe te voeg:—
- „(122) vir die reëling en lisensiering van groentetuine en ter voorkoming en

**Ord. No.  
10 van  
1934.**

**Artikel 7.**

Ord. No.  
10 van  
1934.

—  
Artikel 7.

afvoer na sodanige geute of riole en om die raad te magtig enige sodanige werke uit te voer op koste van die eienaar nadat aan hom kennis gegee is om dit te doen."

(4) Deur subartikel (59) te skrap en dit deur onderstaande nuwe subartikel te vervang:—

- „ (59) (a) vir die reëling van kennisgewing en indiening van grond- en deursnyplanne deur persone wat geboue wil oprig of verbou, en van die goed- of afkeuring deur die raad van grond- en deursnyplanne van sulke geboue of verbouinge, en van die tarief wat in verband daarmee gehêf moet word;
- (b) om die eienaar van 'n gebou, opgerig sonder dat 'n goedgekeurde plan of planne ingestuur is, te verplig om planne in te stuur, as die gebou andersins opgerig is ooreenkomstig die verordeninge wat in die munisipaliteit regsgeldig is, en om te bepaal dat die oortreding sal voortduur solank as hy versuim om sodanige plan of planne in te stuur nadat hy kennis gekry het om dit te doen;
- (c) Om die eienaar van 'n gebou wat nie ooreenkomstig sodanige verordeninge opgerig is of daaraan voldoen nie, te verplig om die gebou ooreenkomstig die verordeninge op te rig of daaraan te voldoen, en om te bepaal dat die oortreding sal voortduur solank as hy versuim om die gebou ooreenkomstig die verordeninge op te rig of daaraan te voldoen nadat hy kennis gekry het om dit te doen;
- (d) om die raad te magtig so'n gebou op koste van die eienaar te verwyder, te verbou of af te breek;
- (e) om die raad te magtig om in een of ander besondere geval na sy goedvinde te besluit of hy 'n verordening kragtens paragraaf (c) of 'n verordening kragtens paragraaf (d) uitgevaardig, moet toepas;



vir sodanigē kapitaaluitgawe as die raad uit hoofde van 'n verslag van die finansiële komitee gelas."

Ord. No.  
10 van  
1934.

(4) Deur ondervermelde nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

Artikel 6.

„ (53) 'n beursleningstonds te open, gaande te hou, te ondersteun, te bevorder, te bestuur en te beheer waaruit lenings of voorskotte aan goedgekeurde studente aan een of ander van die onderwysinrigtings vermeld in subartikel (17), toegeken kan word, behoudens sodanige voorwaardes as by verordening voorgeskryf word."

7. Artikel *tagtig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—

Wysiging  
van artikel  
80 van die  
hoofwet.

(1) Deur ondervermelde nuwe paragraaf aan subartikel (5) toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem, word dan paragraaf (a) daarvan:—

„ (b) om die bou van aparte gemak-huisies uitsluitlik vir gebruik van naturelle of kleurlingdiensbodes verpligtend te maak in alle gevalle waar geboue met huisvesting vir sodanige diensbodes op persele opgerig is."

(2) Deur ondervermelde nuwe paragraaf toe te voeg aan subartikel (27) soos vasgestel deur subartikel (3) van artikel *ses* van Ordonnansie No. 4 van 1928, genoemde subartikel (27) word dan paragraaf (a) daarvan:—

„ (b) om die verkoop op publieke plekke van lewende pluimvee en van lewende diere met inbegrip van die konstruksie en onderhoud van voertuie en hokke en die verskaffing van voedsel en water aan pluimvee in deurvoer te reël en te kontroleer."

(3) Deur onderstaande woorde aan die einde van subartikel (45) toe te voeg:—

„ en om die raad te magtig die eienaar van 'n perseel van waar sodanige afvoer plaas vind te verplig om sodanige pype aan te lê as die raad mag bepaal vir die aflei van sodanige

Ord. No.  
10 van  
1934.

—  
Artikel 6.

No. 11 van 1932 die woorde „ pluimveeklubs, opera-, orkes-, en dramatiese verenigings, wetenskaplike en letterkundige instellings ” te skrap en onmiddellik na „ land- en tuinbouverenigings ” ondervermelde woorde in te voeg:—

„ pluimveeklubs, hondfokkersklubs, opera- orkes- en dramatiese verenigings, inrigtings vir bevordering van die wetenskap, letterkunde en musiek.”

- (3) Deur paragraaf (c) van subartikel (18), soos gewysig by artikel *agt* (1) van Ordonnansie No. 15 van 1930, te skrap en dit deur ondervermelde nuwe paragraaf te vervang:—

„ (c) dat die netto-opbrings wat die raad ontvang het—

- (i) deur die verkoop van onroerende eiendom;
- (ii) deur die verleen van sodanige prospekterregte, opsies, kontrakte en die vervreemding van regte op minerale, edele en onedele metale, en edelgesteentes op dorpsgronde;
- (iii) deur vervreemding of verhuur van grond vir die maak van stene en teëls of om daarop vir een of ander doel te delf;
- (iv) vanweë sekere regte vermeld in artikel *vier* van die Transvaalse Ordonnansie van 1904 op Dorpsgronde, of ten opsigte van dergelyke regte wat kragtens 'n ander wet voorgeskryf is,

aangewend word vir die delging en aflossing van skuld gemaak vir kapitaaldoeleindes, en verder met dien verstande dat waar behoorlik voorsiening gemaak is vir die delging van enige skuld, sodanige netto-opbrings aangewend word vir sodanige kapitaaluitgawe as die Administrateur goedkeur, of waar daar geen skuld bestaan nie, moet sodanige netto-opbrings aangewend word

(2) Deur onderstaande nuwe subartikel daaraan toe te voeg:—

„ (4) Vanaf 1 Julie 1934 mag niemand kragtens hierdie artikel permanent of op proef in 'n amp of pos in munisipale diens aangestel word nie, tensy so'n persoon 'n Britse onderdaan van goeie gedrag en vry van enige verstandelike of liggaamlike gebrek, siekte of swakheid is, wat hom in die deeglike uitoefening van sy werksaamhede miskien kan hinder of sy uitdienstreding voor die voorgeskrewe aftredingsouderdom noodsaaklik kan maak, en tensy hy vir minstens drie jaar in Suid-Afrika gewoon het; met dien verstande dat iemand aangestel kan word wat nie gedurende drie jaar in Suid-Afrika woonagtig was nie, as die Administrateur oortuig is van die wenslikheid om so'n persoon aan te stel uit hoofde van sy professionele of tegniese bevoegdheede of om ander spesiale redes: voorts met dien verstande dat niemand aangestel mag word nie tensy die Administrateur aan die Raad skriftelik meegedeel het dat hy daaromtrent oortuig is.”

**Ord. No.  
10 van  
1934.**

—  
**Artikel 5.**

**6. Artikel *nege-en-sewentig* van die hoofwet word hierby as volg gewysig:—**

Wysiging  
van  
artikel 79  
van die  
hoofwet.

(1) Deur ondervermelde nuwe paragraaf aan subartikel (3), soos gewysig by artikel *vyf* (1) van Ordonnansie No. 4 van 1928, toe te voeg; genoemde subartikel soos oorspronklik in die Ordonnansie opgeneem, word dan paragraaf (a):—

„ (b) aparte gedeeltes van 'n begraafplaas, daargestel deur die raad, uithou, of apart begraafplase daarstel vir die begraving daarin onderskeidelik van blanke persone of naturelle of Asiate of ander kleurlinge.”

(2) Deur in subparagraaf (iii) van subartikel (15) (a), soos gewysig by artikel *vyf* (3) van Ordonnansie No. 4 van 1928 en by artikel *twee* (a) van Ordonnansie

Ord. No.  
10 van  
1934.

—  
Artikel 2.

Wysiging  
van  
artikel 39  
van die  
hoofwet.

„ (11) die naam van 'n munisipaliteit ver-  
ander ”

2. Artikel *nege-en-dertig* van die hoofwet  
word hierby gewysig deur in subartikel (2) die  
woorde—

„ of waar 'n raadslid grond of goedere koop  
wat die Raad by publieke veiling van  
die hand sit ”

te skrap en hulle te vervang deur onderver-  
melde woorde:—

„ of waar 'n raadslid—

(a) grond koop wat die raad kragtens  
die bevoegdheid van die Admini-  
strateur of by publieke veiling of  
by privaatooreenkoms verkoop het  
teen 'n insetprys deur sodanige  
magtiging gedek; of

(b) goedere koop wat die raad by  
